

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Saamgestel deur: Dr Ernst Endres

05 April 2020

1. DIE GESIN KOM NADER:

Daar is niemand soos U Here God
U, die enigste lewende God
U is waardig ons lof en aanbidding en eer
O Heer, daar is niemand soos U
O Heer daar is niemand soos U
O Heer daar is niemand soos U.

2. VOTUM

Die HERE is my herder:
niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my neerlê in groen weivelde;
na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Hy verkwik my siel;
Hy lei my in die spore van geregtigheid,
om sy Naam ontwil.

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,
ek sal geen onheil vrees nie;



want U is met my:
u stok en u staf dié vertroos my.

U berei die tafel voor my aangesig
teenoor my teëstanders;
U maak my hoof vet met olie;
my beker loop oor.
Net goedheid en guns sal my volg
al die dae van my lewe;
en ek sal in die huis van die HERE bly
in lengte van dae

3. SEëNGROET

Aan die gemeente van Wonderpark en
aan almal wat aan die Here behoort in ander provinsies en
verskeie kontinente: Genade en vrede vir julle van God ons Vader
en die Here Jesus Christus!

4. LOFLIED.

Op berge en in dale, en oral is my God
Waar ons ook telke male mag swerwe daar is God
Waar ons gedagtes swewe, of styg ook daar is God
omlaag en hoog verhewe, ja, oral is my God



Sy troue Vaderoë, sien alles van naby
ons leef uit Sy vermoë, word deur Sy Gees gelei
Die swaeltjies behoed Hy, beklee met gras die dal
Die kleinste wurmpie voed Hy, sorg vir die groot heelal.

5. ONS BID SAAM.

Gesinne kry die geleentheid om hulle eie gebedslys saam te stel.

Bid ook vir:

Kobus Herman (afsterwe van moeder); Violet vd Berg (operasie);

Deon en Judy Oosthuizen (Deon: Steve Biko hospitaal); Hannes en

Daleen Pieters (Hannes: beroerte aanval; in Eugene Marais hospitaal)

6. 'N BOODSKAP UIT GOD SE WOORD

SKRIFLESING: PS 23:1-6

**TEMA. DIE CORONA-PANDEMIE: IN DIE VALLEI VAN DIE
DOOD.**

Die misterie van 2020: die Corona-pandemie.

Die corona-pandemie het ons lewens onherroeplik verander. Dit het gelei tot die “state of disaster” en daarna die een-en-twintig dae van “lockdown”. Wanneer dit verby gaan wees en hoe ons lewens aan die einde van hierdie tydperk gaan lyk, kan niemand voorspel nie. Wat ons



wel kan probeer voorspel, is dat die corona-pandemie ons totale lewensbestaan gaan verander. Maar grotendeels is 2020 'n misterie.

Nuwe oë op Psalm 23

Dit is in hierdie tyd dat ons met nuwe oë Psalm 23 lees. Hierdie Psalm het deur die eeue heen in moeilike omstandighede altyd as troos en bemoediging vir gelowiges gedien. Dit het dié bekendste Psalm in tye van nood geword.

Psalm 23 vertel die verhaal van die unieke, persoonlike verhouding wat tussen God en Dawid bestaan het. Dit vertel die verhaal van die persoonlike verhouding wat tussen die herder en sy kudde bestaan het. Die skrywer neem ons na groen weivelde, die doodsvallei en uiteindelik na 'n nuwe toekoms.

A. DIE KUDDE BEVIND HULLE IN DIE GROEN WEIVELDE

(23:1-3)

Kom ons lees vers een tot drie. In hierdie gedeelte kom twee aspekte van die groen weivelde na vore.

Intieme verhouding

Eerstens lees ons oor die intieme verhouding wat tussen Dawid en die Here bestaan het en die intieme verhouding tussen die herder en sy kudde. Let daarop wanneer julle dit lees dat Dawid nooit na God in die derde persoon verwys nie, maar na God in die eerste persoon. Die woord 'my' loop soos 'n goue draad deur die eerste drie verse:



Die Here is *my* herder;
niks sal *my* ontbreek nie;
hy laat *my* neerlê in groenweivelde;
na waters waar rus is, lei hy *my* heen;
hy verkwik *my* siel;
hy lei *my* in die spore van geregtigheid.

Daar het 'n wonderlike, persoonlike verhouding tussen Dawid en die Here bestaan, tussen die herder en sy kudde!

Beelde van 'n rustige lewe en voorspoed

Tweedens, maak Dawid van verskillende beelde gebruik om die oorfloed van die kudde te beskryf. In die eerste drie verse ken Dawid ook net geluk, voorspoed en verskillende vorme van sekuriteit. Hy gebruik kleurrike beelde om dit te beskryf. Hy praat van groen weivelde, fonteine van koel en heerlike lopende waters waar hy verkwik word na 'n warm en uitputtende dag. Hy hoor die stem van die Here en hy volg Sy leiding in die paaie van geregtigheid.

In hierdie verse ondervind die kudde geen gebrek, ervaar hulle rus, kalmte en vrede en beleef hulle daaglik nuwe krag. Hulle ondervind die versorging en leiding van die Here. Inderdaad 'n lewe van voorspoed en oorfloed, waar alles glad en voor die wind verloop.

BESPREEK. DEEL MET MEKAAR OOR DIE GOEIE TYE WAT JULLE SAAM MET DIE HERE BELEEF HET.



B. DIE KUDDE BEVIND HULLE IN DIE VALLEI VAN DIE DOOD

(23:4).

In vers vier lees ons dat daar 'n dramatiese verandering in die landskap plaasvind. Die kudde bevind hulle nie meer in groen weivelde nie, maar in vreesaanjaende en lewensgevaarlike omstandighede van die vallei van die dood.

Die kudde bevind hulle in die vallei van die dood

Die vallei van die dood is die diep, donker klowe tussen bergreekse en het gewemel van allerhande gevare. In hierdie diep, onheilspellende klowe het allerhande gevare geskuil. Bere, bergleeus en wolwe kon die skape vang en verskeur. In die donker klowe het rowers geskuil wat die skape kon vang en slag. Hier het die gevare van vloedwaters bestaan wat skielik kon afkom en die kudde meesleur. Die kranse was lewensgevaarlik en die skape kon hulle bene breek of selfs teen die klowe afval en sterf. Die vallei van die dood was gevul met lang skaduwees en onheilspellende geluide. Verder was hier ook geen groen gras of standhoudende water nie. Inderdaad, die tog deur die vallei van die dood was die mees onsekere, senutergende roete wat die herder met sy kudde kon volg.

Die landskap het onherroepelik verander. Die kudde bevind hulle in die lewensgevaarlike omstandighede van die vallei van die dood, nie meer in groen weivelde en koel waters nie! In die vallei van die dood is die kudde ontnem van hulle oorfloed, rus, vrede, kalmte, krag en bekende



omstandighede. In die vallei van die dood bestaan net 'n alles-oorweldigende vrees! In die vallei van die dood bevind die kudde hulself op 'n baie slegte plek!

Gelowiges bevind hulle tans in die vallei van die corona-pandemie!

Met die uitbreek van die corona-pandemie bevind ons onself in die vallei van die dood:

- “ State of disaster” en “lockdown” word afgekondig;
- Wêreld-ekonomië stort induie;
- Verlies aan inkomste en werk;
- Baie gaan deur die virus geaffekteer word en sommige gaan sterf;
- Skoolkinders en studente weet nie wanneer hulle klasse en studies gaan hervat en of hulle nog hierdie jaar gaan klaarmaak nie;
- Pensioenarisse sien hoe hulle inkomste krimp;
- Ontwrigting en onsekerheid neem oor;
- Die gesig van die kerk het in 'n oogwink verander;
- Families is besig om laer te trek;
- Mense het skuld gemaak om meer te koop as wat hulle nodig het;

Inderdaad, in die vallei van die dood beleef die kudde een oorweldigende emosie: vrees! Paniekaanvalle en angstigheid het oorgeneem. Die kudde bevind hulle in 'n baie slegte situasie.

BESPREEK. DEEL MET MEKAAR HOE DIE CORONA-PANDEMIE JULLE LEWENS DRAMATIES RAAK EN JULLE VRESE!



Hoe het die kudde in die vallei van die dood beland?

Die een oomblik was die kudde nog by groen weivelde en koel waters en toe hulle weer sien, is hulle in die vallei van die dood.

Het hulle verdwaal?

Het hulle hul eie koppe gevolg?

Het die herder aan die slaap geraak?

Was die herder nie bewus van die gevare van hierdie doodsvallei nie?

Nee, nie een van die bogenoendes nie.

Dieselfde herder wat hulle na groen weivelde, koel waters en paaie van geregtigheid gelei het, het hulle in die vallei vol doodsgeware ingelei.

Waarom sou die herder dit doen?

Die herder slaap nie, maar het opgemerk dat die seisoene besig is om te verwissel. Die somer is aan die verbygaan en die winter is oppad.

Binnekort sou daar nie meer groen weivelde wees nie. Die gras se kleur begin verander. In die nabye toekoms sou daar nie meer koel, lopende water wees nie. Die herder het geweet dat daar in die afsienbare toekoms 'n gebrek aan weiding en water sal wees en dat hy betyds vir die winter voorsiening moet maak.

Die herder moes vir sy kudde 'n nuwe toekoms skep.



Om dit te kon doen, moes hy sy kudde na nuwe weivelde lei. Die pad na nuwe weivelde het deur die gevaarlike terrein van diep, onheilspellende klowe gegaan.

Dieselfde herder wat hulle na groen weivelde en koel waters gelei het, lei hulle nou deur die vallei van die dood.

Dieselfde herder wat hulle op die paaie van geregtigheid gelei het, lei hulle nou deur 'n diep, onheilspellende roete.

Hy lei hulle deur die dal van die doodskaduwee na 'n nuwe toekoms. Die herder het geen ander keuse gehad nie. Vir die oorlewing van sy kudde moes hy al sy kundigheid en vaardighede gebruik om hulle deur die vallei van die dood na nuwe weivelde te lei, na 'n nuwe toekoms!

In die vallei van die dood beweeg die kudde nader aan die herder vir oorlewing.

In die vallei van die dood praat Dawid nie meer van 'my' nie, maar hy gebruik 'n meer intense woord, "U". In tye van nood beweeg die kudde nader aan die herder! Die verhouding tussen die kudde en die herder word meer intens in die vallei van die dood. Vir die kudde was daar geen ander keuse nie. Hulle kon nie meer omdraai nie. Hulle kon ook nie in verskillende rigtings wegspring nie. As hulle veilig deur die vallei van die dood wil beweeg, moet hulle nader aan die herder kom. Laat ons lees wat die kudde in die hierdie situasie sê:

"U" is by my



“U” stok en

“U” staf vertroos my! (v. 4)

Die tog deur die vallei van die dood was lewensgevaarlik, maar tydelik.

Vir die kudde het dit gevoel asof die tog deur die vallei van die dood nooit tot ‘n einde sou kom nie. Hulle kon nie ‘n duidelike roete sien nie. Baie kere kon hulle nie sonlig sien nie, net onheilspellende skaduwees en duisternis. Hulle kon ook nie die einde sien. Hulle moes eenvoudig agter die herder aanstap. Die kudde was nie veronderstel om in die vallei van dood te bly nie. Hierdie tog was tydelik en sou uiteindelik tot ‘n einde kom! Ook die corona-pandemie is tydelik en sal tot ‘n einde kom.

In die vallei van die dood vind die kudde hulle krag, inspirasie en sekuriteit by die herder.

In die vallei van die dood bestaan die gevaar dat die kudde in totale vrees sou verval. Hulle kon angstig word en selfs paniekaanvalle kry. Dis in hierdie tyd dat die kudde sê:

“ek sal geen onheil vrees nie” (v. 4)

- *Die herder beskerm sy kudde met sy knopkierie.* In die vallei van die dood beskerm die herder sy kudde met sy knopkierie. Die knopkierie was ‘n stok met ‘n knop aan die eenkant waarin skerp voorwerpe ingedruk is. Hierdie knopkierie was ‘n magtige wapen in die hand



van die herder waarmee hy sy kudde teen bergleeus, bere, wolwe en rowers beskerm het.

- *Die herder lei sy kudde met sy staf.* Die herder het ook 'n staf gebruik om sy kudde deur die ruwe, onbekende terrein van die doodsvallei te lei. Die staf het 'n hak aan die eenkant gehad. Wanneer die kudde begin afdwaal, het die herder die agterkant van die staf gebruik om sy kudde terug op koers te bring. Wanneer een van sy skape teen die afgrond afval, het die herder die hak gebruik om die skaap op te tel en sy lewe te red.

Dawid skryf dat hy sy troos in die knopkierie en staf van die herder vind. As hy dalk sou koers verloor of struikel sal die herder daar wees om hom op te help. Elke doodsvallei is die roete na iets beters. Ons herder lei ons deur die lewensgevaarlike, onbekende terrein van die corona-pandemie na 'n nuwe toekoms en ons hoef nie angstig te word nie.

“The valley isn't good,
but the shepherd is”.

BESPREEK.

**WAARIN GAAN JY JOU TROOS EN KRAG PUT IN HIERDIE TYD
EN WATTER GEESTELIKE SLAGGATE MOET VERMY WORD
HOE GAAN JULLE MEKAAR IN HIERDIE TYD BEMOEDIG EN
POSITIEF HOU?**



C. NA DIE DOODSVALLEI VAN DIE CORONA-PANDEMIE

BREEK 'N NUWE TYDPERK AAN. (Ps.23: 5,6)

Die jaar 2020 is 'n misterie, die jaar van die doodsvallei, die jaar van die corona-pandemie. Maar ook dit is tydelik en sal verby gaan. Na dit begin daar 'n nuwe tydperk met sy eie uitdagings. Daar wag 'n nuwe, opwindende fase op ons.

Dit gaan 'n toekoms vol uitdagings wees.

Dit gaan 'n toekoms vol nuwe geleenthede wees.

Dit gaan 'n ander kwaliteit lewe wees.

Ons het reeds 'n blik begin kry op die herstel van die planeet. Ons sien dit alreeds in die afname van globale lugbesoedeling.

Psalm 23:5,6 vertel vir ons iets van die tydperk na die doodsvallei. Die pad deur die vallei van die dood eindig in die vaderhuis met die feesmaal, waar die kudde soos eregaste ontvang word en met hartlikheid oorlaai word. Die kudde word met goedheid en liefde bederf. Nou het hulle 'n permanente woning - hulle is tuis in die huis van die vader.

Na die angswekkende tog deur die vallei van die dood, die 2020 corona-pandemie, sal ons lewens nooit weer dieselfde wees nie. Die herder wat ons voorheen op die paaie van geregtigheid gelei het, is ook die herder wat ons deur die vallei van die dood na die groot feesmaal lei. Psalm 23:5 en 6 gee ons 'n blik op die nuwe era wat op ons wag:



U laat my by 'n *feesmaal* aansit,
terwyl my teëstanders (corona-pandemie) moet toekyk.

U ontvang my soos 'n *eregas*,
ek word *oorlaai* met hartlikheid.

U *goedheid en liefde*
sal my lewe lank by my bly
en ek sal *tuis wees*
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

D. SAMEVATTEND

- Psalm 23 vertel ons die verhaal van 'n rustige lewe. Dit vertel ons die verhaal van groen weivelde, koel en verkwikkende waterstrome en die bekende paaie van geregtigheid. Dit vertel ons die verhaal van rus, vrede, krag en sekuriteit.
- Maar Psalm 23 vertel ons ook van die reis deur onsekere tye. Van die corona-pandemie met sy meegaande "lockdown", werk-en inkomste verliese, fisiese tekorte, siektes en sterftes. Dit vertel die verhaal van die onbekende, doodsgeware, duisternis en onbekende paaie. Dit vertel die verhaal van die vrese van die kudde en hoe die herder sy kudde met sy knopkierie en herderstaf vertroos en bemoedig en deur die vallei van die dood (die corona-pandemie) lei.
- Ps 23 vertel ons van die reis na 'n nuwe toekoms na die corona-pandemie – 'n tydperk vol nuwe uitdagings en geleenthede op 'n skoner aarde. En uiteindelik verseker hierdie Psalm ons van die feesmaal wat anderkant die lewe op ons wag.



**NA DIE CORONA-PANDEMIE SAL NIKS OOIT WEER DIESELFDE
WEES NIE. AMEN.**

BESPREEK.

HOE PROBEER JY DIE NUWE TOEKOMS SIEN?

**HOE GAAN JULLE FEESVIER AS ALLES VERBY IS? (M.A.W. IETS
OM NA UIT TE SIEN)**

7. DANKOFFER.

Ons gee geleentheid vir dankoffer. U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer.

8. SLOTLIED.

Die liefde van Jesus is wonderbaar, wonderbaar, wonderbaar

Die liefde van Jesus is wonderbaar, wonderbaar vir my

Kom ons verheerlik Sy Naam, kom ons verheerlik Sy Naam

Die mense verander maar Jesus nooit, kom ons verheerlik Sy Naam,

Dat Hy my gered het is wonderbaar, wonderbaar, wonderbaar

Dat Hy my gered het is wonderbaar, wonderbaar vir my

Kom ons verheerlik Sy Naam, kom ons verheerlik Sy Naam

Die mense verander maar Jesus nooit, kom ons verheerlik Sy Naam



9. ONTVANG DIE SEËNBEDE VAN DIE HERE

Die Herder beloof om *voor* sy kudde uit te stap
en hulle in 'n nuwe toekoms in te lei;

Die Herder beloof om *agter* sy kudde te wees
en hulle te beskerm teen gevare wat hulle nie kan sien nie;

Die Herder beloof om *langs* sy kudde te wees as hulle beste Vriend
wat hulle angs en vrese verstaan;

Die Herder beloof om *in* hulle te wees en
om sy kudde te troos en nuwe moed vir die toekoms te gee;

Die Herder beloof om *onder* en *bo* sy kudde te wees
en hulle te dra in tye wanneer hulle krag en energie ingee;

SO SÊ DIE VADER, DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES!

IRISH BLESSING

May the Lord rise to meet you,
may the wind be always on your back
and may the sun shine warm up on your face
Until we meet again,
until we meet again
May God hold you, in the palm of His hand,
in the palm of His hand



May God be with you and bless you,
may the hand of a friend be always near
may true be the hearts that love you
Until we meet again,
until we meet again
May God hold you, in the palm of His hand,
in the palm of His hand.

